**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**
**EKSAMENINSTRUKSIES**

1. **Eksamensittings / Datums**
Die aanvangstye van eksamensittings is soos op u eksamenrooster aangedui.
**Let asseblief noukeurig op hierdie aanvangstye en datums van u eksamen(s) soos aangedui op u eksamenrooster. 'n Kandidaat wat laat (nadat die eskamensitting begin het) opdaag sal nie toegelaat word tot die eksamenlokaal nie.**

2. **Ligging van Eksamenlokaal**
Kandidate moet self vasstel waar die eksamenlokaal geleë is. Voertuie word op eie risiko parkeer.

3. **Aanmelding in Eksamenlokaal**
Kandidate moet TEN MINSTE 15 MINUTE VOOR die aanvang van die eksamen hulle sitplekke in die eksamenlokaal inneem.

4. **Gesag van Opsiener**
Die eksamenopsiener is amptelik in beheer van die eksamen en moet stiptelik gehoorsaam word in alle sake met betrekking tot die eksamen.

5. **Identifikasie**
Kandidate moet hulle identiteitsdokumente, studentekaarte asook finale eksamenroosters toon.

6. **Sellulêre Telefone, Roepers ("Pagers"), "File-O-Fax" en Elektroniese Dagboeke**
Sellulêre telefone en bogenoemde elektroniese toestelle moet **afgeskakel** wees en mag nie tydens 'n eksamensitting gebruik word nie. Indien 'n kandidaat nie hieraan gehoor gee nie, sal dissiplinêre stappe geneem word.

7. **Rook**
Rook word nie in die eksamenlokaal toegelaat nie.

8. **Eksamenboek**
Elke kandidaat word van die nodige eksamenboek in die eksamenlokaal voorsien. Die voorblad van die eksamenboek moet volledig ingevul word. Maak egter baie seker dat u u studentenommer korrek invul.

9. **Bywoningsregister**
Elke kandidaat is verplig om die bywoningsregister wat in die eksamenlokaal voorsien word, volledig in te vul, te lees en te teken.

10. **Horlosies**
Kandidate moet hulle eie horlosies saambring.

11. **Merkleesblaaie**
Die gebruik van merkleesblaaie is verpligtend by sekere eksamens. Kandidate moet hulle eie potlode (HB), uitveërs en potloodskerpmakers saambring vir die invul van merkleesblaaie. Let daarop dat **geen ekstra tyd** aan die einde van 'n eksamensitting toegelaat sal word om antwoorde op merkleesblaaie in te vul nie.

12. **Voorgeskrewe Tydsduur van 'n Eksamen**
Die voorgeskrewe eksamentyd word op die eksamenrooster aangedui en geen kandidaat mag die eksamentyd oorskry nie.
Antwoordboeke en alle merkleesblaaie moet onmiddellik by verstryking van die eksamentyd aan die opsiener oorhandig word.

13. **Verlating van Eksamenlokaal**
Geen kandidaat mag die eksamenlokaal tydelik sonder toesig verlaat nie. Indien 'n kandidaat sy/haar eksamen voor die amptelike verstryking van die eksamentyd voltooi, moet die antwoordstel(le) aan die opsiener oorhandig word voordat die kandidaat die lokaal verlaat. Gedurende die EERSTE UUR en die LAASTE 15 MINUTE van 'n eksamen mag geen kandidaat die eksamenlokaal verlaat nie.

14. **Sakrekenaars**
Behalwe waar anders aangedui mag slegs nie-programmeerbare sakrekenaars gebruik word. Die opsieners word vooraf in kennis gestel van die betrokke vraestelle waar sakrekenaars gebruik mag word.

15. **Opeboek-eksamens**
Slegs in die geval van opeboek-eksamens word kandidate toegelaat om studiemateriaal in die eksamenlokaal te gebruik.

16. **Kladwerk**
Kladwerk op die eksamenvraestel of in die eksamenboek wat die kandidaat se antwoorde bevat, word toegelaat, maar moet as sodanig aangedui word.

17. **Aantekeninge op Liggaam en Kledingstukke**
Kandidate mag geen aantekeninge voor of gedurende eksamens op enige liggaamsdeel (byvoorbeeld die hande) of op enige kledingstuk aanbring nie.

18. **Waarskuwing**
(a) Antwoordstelle met 'n onleesbare handskrif word nie nagesien nie, en geen punte word vir onleesbare antwoorde of antwoorde wat in potlood geskryf is, toegeken nie.

(b) 'n Kandidaat wat sonder magtiging 'n boek, dokument of voorwerp (soos sneespapier, liniale of sakrekenaars met aantekeninge daarop) wat hom/haar in die eksamen kan help, in die eksamenlokaal inneem en dan nalaat om die ongemagtigde materiaal aan die opsiener te oorhandig voordat die eerste eksamenboek of vraestel aan die kandidate beskikbaar gestel word, is skuldig aan oortreding van die Universiteit se eksamenregulasies en stel hom/haar bloot aan straf soos deur die Raad van die Universiteit bepaal.

(c) Die eksamenantwoordboek is die eiendom van die Universiteit en onder geen omstandighede mag 'n kandidaat dit behou, uit die eksamenlokaal neem of bladsye daaruit verwyder nie. Sekere eksamenvraestelle, soos deur die Universteit bepaal, mag ook nie behou word nie en moet aan die opsiener terugbesorg word.

(d) Foutiewe vertolking van eksamendatums en -tye sal onder geen omstandighede as verskoning oorweeg word om tot 'n aanvullingseksamen toegelaat te word nie.

19. **Eksamenvraestel**
Die onus rus op die kandidaat om te verseker dat hy/sy die korrekte eksamenvraestel ontvang en skryf. Geen punte sal toegeken word aan 'n kandidaat wat foutiewelik die verkeerde eksamenvraestel skryf nie.

20. **Vuurwapens**
Geen vuurwapens word binne die eksamenlokaal toegelaat nie.

FRM TOELA

**Direktoraat : Studente-eksamenadministrasie**